# HOËRSKOOL BEKKER

Privaatsak X5002, Magaliesburg, 1791
Hoërskool Bekker, Plaas Zeekoehoek, JQ908 on the R98, Magaliesburg, 1791
www.bekkerhs.co.za
(014) 577 5936/7
general@bekkerhs.co.za


# Hoërskool Bekker Verwelkom

# BekkerBekkies

**Al ons nuwe graad 8 leerders van 2024 word uitgenooi na die oriëngteringsprogram wat op Woensdag 17 Januarie 2024 afskop.**

Die BekkerBekkies, nuwe graad 8 leerders van 2024, gaan almal Woensdag 17 Januarie 2024 direk na skool by die skoolsaal aanmeld vir die bespreking van die oriënteringsprogram. Ons BekkerBekkies gaan daagliks aan hierdie program deelneem vanaf 14:20 – 17:15. Hier volg ons program.

| **PROGRAM** | |
|---|---|
| **WEEK 1**<br>**17 Januarie 2024 – 18 Januarie 2024** | |
| **DAG** | **TYD** |
| Woensdag en Donderdag | 14:20 – 17:15 |
| **WEEK 2**<br>**22 Januarie 2024 – 27 Januarie 2024** | |
| **DAG** | **TYD** |
| Maandag - Donderdag | 14:20 – 17:15 |
| Vrydag (oorslaap) | 07:15 – 22:00 |
| Saterdag<br>Graad 8 ouerinligtingsessie<br>Groentjiekonsert | <br>09:30 – 10:30<br>11:00 – 12:00 |

Op 26 Januarie 2024 sal al ons nuwe graad 8 leerders die voorreg geniet om deur die Bekker-Spa te gaan waarna verskeie aktiwiteite gaan plaasvind ter voorbreiding van die groentjiekonsert wat op 27 Januarie 2024 om 10:00 sal plaasvind. Al ons graad 8 leerders sal dus Vrydag, 26 Januarie 2024, by die koshuis oornag.

Leerders moet dus hul eie beddegoed, slaapklere, bykomstighede en gemaklike kleredrag bring vir hierdie onderskeie afdelings van die oriënteringsprogram. Leerders is ook welkom om sakgeld saam te bring as hul die snoepie wil ondersteun. Kostes beloop R250 per leerder wat betaalbaar is tydens registrasie en sluit dus die volgende in:

- Twee toegangskaartjies na die groentjiekonsert van 27 Januarie 2024.
- ‘n T-hemp.
- Oorslaap in koshuis met etes (Aandete en onbyt)
- Dekor en rekwisiete vir die groentjiekonsert.

**Algemene reëlings rakende die registrasieproses en ou eerste skooldag by Hoërskool Bekker:**

**1. Registrasie:**

- Alle Graad 8 koshuisleerders registreer op 15 Januarie 2024, tussen 11:00 en 14:30.
- Kamerplasings word direk na registrasie gedoen.

**2. Jou eerste skooldag – 17 Januarie 2024**

- KLEREDRAG – SEUNS:

- Kort grys skoolbroek.
- Wit skoolhemp, sonder 'n das en sonder skoolbaadjie.
- Gepoleerde swart skoolskoene en lang skoolkouse.
- Indien jy al skeer, maak seker jy is geskeer.
- Jou hare moet kort en netjies wees, volgens die gedragskode van 2024.

- KLEREDRAG DOGTERS:

- Grys "A-line" skoolrompie.
- Wit skoolhemp, sonder 'n das en sonder skoolbaadjie.
- Gepoleerde swart skoolskoene en kort skoolkouse.
- GEEN grimering of juweliersware word toegelaat nie!
- Hare volgens die gedragskode 2024.

**SIEN SKOOLDRAG PRYSLYS IN DIE 2024 INLIGTINGSGIDS.

**NEEM KENNIS DAT ONS '' HUL SKOOLBAADJIES EN DASSE EERS NA DIE INHULDIGINGS-SEREMONIE MAG DRA.**

Meer inligting sal tydens die oriënteringsprogram gekommunikeer word.

**3. WAAR OM BYMEKAAR TE KOM 17 JANUARIE 2024:**

ALLE graad 8-leerders moet 17 Januarie 2024 om 06:45 by die NETBALBANE vergader. Die register onderwysers en Bekkerraad sal jou daar ontmoet. GEEN ouers mag die netbalbane binnegaan nie. Die onderwysers en die Bekkerraad sal die 'BekkerBekkies' na die saal vergesel vir hul eerste amptelike opening in die skoolsaal.

**4. JOU NAAMBORD:**

Die Graad 8 tema vir 2024 is 'Bekker, My Trots'! Jy benodig 'n tuisgemaakte naambord wat jy gaan dra vir die hele oriënteringstydperk. Jy moet ook 'n nagemaakte "troetelsdier" saam met jou dra. Wees kreatief wanneer jy jou naambord en troeteldier maak. Gebruik 'n papierbord/karton. Die volgende moet op jou naambord verskyn:

- Jou naam en van.
- Jou slagspreuk vir 2024.
- Die troeteldier se naam.

**5. GROENTJIEKONSERT – 27 Januarie 2024**

As deel van die Graad 8-oriënteringstydperk bied ons Graad 8-leerders 'n Groentjiekonsert aan op 27 Januarie 2024. Hierdie aktiwiteit sal vir die graad 8's die geleentheid bied om mekaar beter te leer ken en gesonde interaktiewe verhoudinge te bou. Hierdie program skep vir die leerders die geleentheid om te begin groei tot die jong volwassenes wat hulle wil word. Hulle sal ook die geleentheid kry om lewenslange vriendskappe te vestig en hul merk by Bekker te maak.

Die bedrag betaalbaar vir die Groentjiekonsert is:

Bedrag: Soos per BekkerBekkies-dokument, sluit die oriënteringsfooi van R250 twee kaartjies vir die Groentjiekonsert in, die dekor en ander items vir die konsert, ‘n T-hemp en ‘n nag se verblyf in die koshuis (26 Januarie 2024). Ekstra kaartjies (slegs kontantbetalings) sal ook op 27 Januarie 2024 by die ingang verkoop word teen R30 per volwassene en R20 per skolier.

Metodes van betaling:

Elektroniese oorplasing: Indien u ‘n elektroniese betaling maak, bring asseblief die bewys van betaling saam na registrasie of stuur dit saam met u kind skool toe op die eerste skooldag en nie later as 17 Januarie 2024 nie.

Bankbesonderhede: Hoërskool Bekker
ABSA TJEKREKENING
Rekeningnommer: 310 390 607

Verwysing: Leerder se naam en van.

Kontantbetaling: Betaal by die finansiëlekantoor op die dag van registrasie.
(17 Januarie 2024 is die laaste dag van betaling)

Maak asseblief seker dat u op hoogte bly deur ons op die volgende platforms te volg:

- Facebook
- Instagram
- YouTube
- D6 Communicator App
- Ons webtuiste

Ons as skool kan nie wag om jou te ontmoet en jou te verwelkom by ons Bekkerfamilie nie!

**NB: ALLE OUERS/VOOGDE MOET DIE VRYWARINGSVORM INVUL EN SAAMBRING 15 JANUARIE 2024. DIE VRYWARINGSVORM IS AAN DIE EINDE VAN HIERDIE DOKUMENT!**

Vir meer inligting kan u die graad 8-voog kontak by:
Mnr. A. van Schalkwyk: deputy.vanschalkwyk@bekkerhs.co.za

Maak seker u is deel van die graad 8 WhatsApp-groep
(skandeer die QR-kode)




**Mnr. A. van Schalkwyk**
**Adjunkhoof / Graadvoog**

# HOËRSKOOL BEKKER

Privaatsak X5002, Magaliesburg, 1791
Hoërskool Bekker, Plaas Zeekoehoek, JQ908 on the R98,
Magaliesburg, 1791

www.bekkerhs.co.za
(014) 577 5936/7
general@bekkerhs.co.za


**VRYWARING EN KWYTSKELDING / EXEMPTION AND INDEMNITY**

Ek, _____________________________________________ (volle naam en van - ouer) gee hiermee my volle toestemming dat my seun/dogter ___________________________________ (volle naam en van)______________________________ (ID nommer) aan die oriënteringsprogram van Hoërskool Bekker mag deelneem. Ek gee ook toestemming dat my seun/dogter by Hoërskool Bekker oorslaap op 26 Januarie 2023 soos beskryf in hierdie omsendbrief.

Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg vir die veiligheid en welstand van my kind getref sal word en dat ek, indien van toepassing, verantwoordelik sal wees vir die betaling van mediese- en hospitaalkoste in geval van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie. Ek onderneem om geen aksie te neem teen Hoërskool Bekker en/of sy personeel in geval van ‘n besering.

Ek dra my magtiging as ouer/voog oor aan die skoolhoof van die skool (of sy verteenwoordiger), indien mediese behandeling / chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet is hy/sy fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.

Ek vrywaar hiermee die Gauteng Departement van Onderwys en enige werknemer van die Departement, Beheerliggaam asook Hoërskool Bekker van enige eis wat ten opsigte van my kind kan voortspruit.

Ek versoek egter dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let: (Noem asb. hieronder die aspekte waarvan die opvoeders bewus moet wees - bv. allergië, geneigdheid tot abnormale bloeding, epilepsie, ens.)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| **Handtekening van ouer/voog** | **ID Nommer** |
| ______________________________ | ______________________________ |
| **Datum** | **Ouer/voog Kontaknommer** |

HOËRSKOOL BEKKER
Ons Bou Ñ Toekoms
Privaatsak X5002, Magaliesburg, 1791
Hoërskool Bekker, Plaas Zeekoehoek, JQ908 on the R98, Magaliesburg, 1791
www.bekkerhs.co.za
(014) 577 5936/7
general@bekkerhs.co.za

# Bekker High School Welcomes

# BekkerBekkies

**We invite all our new Grade 8 learners to attend the Orientation Program starting on Wednesday, 17 January 2024.**

On 17 January 2024, all our Bekker Bekkies, the new Grade 8 learners of 2024, will report to the school hall directly after school for a discussion on the orientation program. BekkerBekkies will participate in this program daily from 14:20- 17:00.

The program is as follows:

| PROGRAM | |
|---|---|
| **WEEK 1**<br>**17 January 2024 – 18 January 2024** | |
| **DAY** | **TIME** |
| Wednesday and Thursday | 14:20 – 17:15 |
| **WEEK 2**<br>**22 January 2024 – 27 January 2024** | |
| **DAY** | **TIME** |
| Monday - Thursday | 14:20 – 17:15 |
| Friday (overnight sleepover) | 07:15 – 22:00 |
| Saturday<br>Grade 8 Parent's information session and newbie concert | 09:30 – 10:30<br>11:00 – 12:00 |

On 26 January 2024 our grade 8 learners will have the privilege to experience the Bekker Spa after which several activities will take place in preparation of the newbie concert to be held on 27 January 2024 at 10:00. All our grade 8 learners will therefore stay overnight in the hostel on Friday, 26 January 2024.

Learners should bring their own bedding, pajamas, and items of a personal nature as well as comfortable clothes for the various events taking place during the orientation program. Learners are welcome to bring along some pocket money should they wish to support the tuck shop.

The cost per learner is R250.00, payable at registration.
Included:

- Two tickets to the newbie concert on 27 January 2024.
- A T shirt
- Overnight stay in the hostel. (Dinner bed and breakfast)
- Décor and props for the newbie concert.

**General arrangements for the registration process on the first school day at Bekker High School.**

**1. Registration:**

- All Grade 8 hostel learners are to register on 15 January 2024 between 11.00 and 14.30,
- Rooms will be allocated directly after registration.

**2. Your first school day – 17 January 2024**

- DRESS CODE– BOYS:

- Grey school shorts.
- White school shirt, without tie and school blazer.
- Polished black school shoes with long school socks.
- Should you already shave ensure that you are clean shaven.
- Hair should be short and neat according to the 2024 School's Code of Conduct.

- DRESS CODE-GIRLS:

- Grey, A-line school skirt.
- White school shirt without tie and school blazer.
- Polished black school shoes and short school socks.
- NO makeup or jewelry is permitted!
- Hair should be according to the 2024 School's Code of Conduct.

**THE SCHOOL UNIFORM PRICE LIST IS AVAILABLE IN THE 2024 INFORMATION GUIDE.

**PLEASE NOTE THAT SCHOOL BLAZERS AND TIES ARE ONLY PERMITTED TO BE WORN AFTER THE INDUCTION CEREMONY.**

Further information will be communicated during the orientation program.

**3. ASSEMBLY POINT- 17 JANUARY 2024:**

ALL grade 8 learners are to assemble at the NETBALL FIELDS at 06:45 on 17 January 2024.
Register teachers and prefects will meet you there. Parents may NOT enter the netball fields.
Teachers and prefects will accompany our Bekker Bekkies to the hall for their first official assembly.

**4. YOUR NAME PLATE:**

The grade 8 theme for 2024 is "Bekker, My Pride!" You need a homemade name plate that is to be worn for the duration of the orientation program. You must also carry a homemade "pet" with you. Be creative when you design your name plate and make your pet. You can use a paper plate or cardboard. The following should appear on your name plate:

- Your name and surname.
- Your slogan for 2024.
- Your pet's name.

**5. NEWBIE CONCERT – 27 January 2024**

On 27 January 2024, our grade 8 learners will present a newbie concert as part of their orientation. This will allow grade 8's to get to know their peers better and build healthy interactive relationships. This activity will not only create the opportunity to start their development into the young adults they would like to become, but also to make lasting friendships at Bekker.

The amount payable for the newbie concert as per the Bekker Bekkies document includes the orientation fee of R250.00, two tickets to the newbie concert, a T shirt, overnight stay (26 January 2024) décor and props. Additional tickets (cash only) will be available at the door on 27 January 2024 at the cost of R30 per adult and R20 per scholar.

Method of payment
Electronic payments: Proof of payment must be brought to school upon registration, or the proof of payment may be sent to school with your child on the first day of school, but not later than 17 January 2024.

Bank details:

Hoërskool Bekker
ABSA CHEQUE ACCOUNT
Account number: 310 390 607

Reference: Learner's name and surname.

Cash Payments: Payment can be made to the financial office on the registration day.
(17 January 2024 is the last day of payment.)

Please ensure that you stay abreast by following us on any of the following platforms:

- Facebook
- Instagram
- YouTube
- D6 Communicator App
- Our website

We cannot wait to meet and welcome you to our Bekker family!

**NB: IT IS COMPULSORY FOR ALL PARENTS/GUARDIANS TO COMPLETE THE INDEMNITY FORM AND TO SUBMIT IT ON 15 JANUARY 2024.**
**THE INDEMNITY FORM CAN BE FOUND AT THE END OF THIS DOCUMENT!**

For more information kindly contact your grade 8, grade head at:
Mr. A. van Schalkwyk: deputy.vanschalkwyk@bekkerhs.co.za

Please ensure that you join the grade 8 WhatsApp group.
(Scan the QR code)

Gr8 parents group 2024
WhatsApp group

Scan this QR code using the WhatsApp camera to join this group

**Mr. A. van Schalkwyk**
**Deputy Principal / Grade Head**

HOËRSKOOL BEKKER
Privaatsak X5002, Magaliesburg, 1791
Hoërskool Bekker, Plaas Zeekoehoek, JQ908 on the R98,
Magaliesburg, 1791
www.bekkerhs.co.za
(014) 577 5936/7
general@bekkerhs.co.za

**EXEMPTION AND INDEMNITY**

I, ______________________________________________ (full names and surname) hereby grant my full consent that my child__________________________________ (full names and surname) _____________________ (ID number) may participate in the orientation program of Bekker High School. I also give permission for my son/daughter to sleep over at Bekker High School on 26 January 2023 as described in this letter.

I accept that all reasonable precautions will be taken to ensure the safety and well-being of my child and that I, if applicable, will be responsible for the payment of medical and hospital expenses in case of a subsequent injury not caused by the negligence of the responsible teacher/s. I undertake not to take any action against Bekker High School and/or any of its staff in the case of an accident.

I confer my authority as parent/guardian to the principal of the school (or his representative), should my child require medical treatment/surgical intervention. To my knowledge, he/she is physically able to participate in the above-mentioned activities and he/she is in good health. I hereby knowingly and irrevocably indemnify Bekker High School from any costs medical or otherwise, that may be incurred in the process.

I hereby indemnify the Gauteng Department of Education and any employee of the Department, Governing Body as well as Bekker High School from any claim which could be made regarding my child.

I request the people concerned to take note of the following: (Please mention below aspects which the educators should bear in mind - e.g., allergies, tendency to abnormal bleeding, epileptic seizures, etc.)

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

________________________________ ________________________________

**Signature of parent/guardian** **ID Number**

________________________________ ________________________________

**Date** **Parent/Guardian Contact Number**